

Skrifgedeelte: Deuteronomium 34:1-12
Fokusgedeelte: Deuteronomium 34:10(a)

Om God te ken en deur God geken te wees

Die laaste hoofstuk van Deuteronomium is 'n hoofstuk wat ons in die hart tref. Moses, die getroue dienskneg van God, se dood en begrafnis deur die Here word hier aan ons beskryf. Moses was 'n besondere man in die tyd wat die Here hom op aarde gebruik het. Die geskiedenis van Israel het dit ook duidelik gemaak. Daar was nie 'n groter profeet as Moses gewees nie. Hy het vir sy volk ingetree, deur hom het die Here groot wonders doen, hy het vir sy volk ingetree toe die Here hulle wou uitdelg. In Hebreërs word Moses ook in die galery van geloofshelde gestel. Hy is die een wat die Onsienlike gesien het en die beloftes van die Here verwag het. Nou, aan die einde van sy lewe, gaan hy teen die berg Nebo op waar hy tot sterwe kom en die Here hom begrawe.

Die laaste drie verse van Deuteronomium lees vir ons amper soos die begrafnisbrief van hierdie groot man van God. Hy was waarlik 'n groot profeet wat in die midde van Israel gearbei het. Daar was in die geskiedenis nie sy gelyke nie.

Hierdie grootsheid van Moses in die geskiedenis van Israel staan nie op die fondament van sy eie besonderheid nie, maar op die fondament van die Here se werk met sy volk en in sy lewe. Ons fokusgedeelte stel dit duidelik dat die Here hom van aangesig tot aangesig geken het (1953-vertaling). Hy het die Here persoonlik geken (1983-vertaling). Die persoonlike kennis van God staan op die beginsel dat Hy ons eerste geken het. Hy het die hulpkrete van sy volk gehoor en aan hulle verlossing gegee. Hy het ons nood gesien nog voordat ons besef het hoe diep ons in die sonde geval het. Die feit dat Hy elkeen van sy kinders persoonlik ken, vra ook nou van ons dat ons Hom persoonlik sal ken. Ons het nie spesiale kennis of besondere openbarings nodig nie. Nee, Hy het sy Seun aan ons gegee. Wie hom gesien het, het die Vader gesien en wie Christus ken, ken God.

Laat ons daarom elke dag sy Woord ondersoek, bid om die verligting en die inwoning van die Gees. Deur die Woord en Gees word ons gerig om God te ken. Deur die Woord en Gees word ons verseker dat ons deur God geken is.

Sing: Psalm 139:1, 12 (1936)

Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)